Newtown kry R857 m.-inspuiting

Elma Kloppers, Johannesburg

Twee enorme eiendomsontwikkelings met 'n gesamentlike waarde van R857 miljoen en beduidende werkskeppingspotensiaal gaan binnekort in Newtown uit die grond verrys.

Dié projekte is die Majestic-ontwikkeling en Newton Junction, ook bekend as die Potato Shed-ontwikkeling, wat in 'n gesamentlike onderneming tussen Atterbury Property Developments en die City of Johannesburg Property Company (JPC) ontwikkel gaan word. Die JPC het die mandaat om grond wat aan die Johannesburgse stadsraad behoort te bestuur en vir ontwikkeling beskikbaar te stel.

Die perseel is by die Markteater in Newtown en aan die oorkant van die Mary Fitzgerald-plein. Dié geboue is voorheen deur onwettige plakkers bewoon wat ná intensiewe onderhandelings met die JPC en ander rolspelers vrywillig verhuis het.

'n Kunstenaarsvoorstelling van hoe die Potato Shed-ontwikkeling in Newtown gaan lyk.

Die projekte gaan sowat 8 000 m² se A-graad-kantoorruimte na die gebied bring, asook 'n splinternuwe hotel en hoëdigtheid-kleinhandelruimte. Dit hou goeie nuus vir werkskepping in en na verwagting gaan die Majestic-ontwikkeling tot 160 vaste werkgeleenthede skep en die Potato Shed-ontwikkeling minstens 1 700 werkgeleenthede vir inwoners in die omgewing, volgens die JPC.

Mnr. Irving Steyn, 'n projekbestuurder by Atterbury, sê die perseel was vir die maatskappy aantreklik vanuit 'n ontwikkelingsperspektief vanweë die erfenis-komponente, waar oud en nuut vermeng kan word om 'n aantreklike nodus te skep. Hy sê die maatskappy meen dié ontwikkeling gaan veral nuwe lewe blaas in die middestedelike gebied, wat besig was om dood te gaan.

Hy is opgewonde oor die herontwikkeling van die ou Potato Shed-geboue, wat jare gelede gebruik is vir vars produkte wat per trein daar afgelewer is. Vanweë die historiese belang van die geboue gaan hulle behou word en in 'n moderne kleinhandelkomponent omgeskakel word.

Hy sê die maatskappy het 'n omvattende stedelike studie gedoen om te bepaal hoe volhoubaar die ontwikkelings sal wees en tot die gevolgtrekking gekom daar is 'n groot vraag na dié soort geriewe.

Die maatskappy het reeds 'n voornemende huurder vir 6 000 m² van die kantoorruimte.

Volgens me. Helen Botes, besturende direkteur van die JPC, word daar gehoop om met dié soort projekte 'n bydrae te lewer tot die regering se indiensnemingsteikens.

Bouwerk gaan in Maart begin en sal twee tot drie jaar neem om te voltooi.